MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

14 JANUARY 2013

Zuma's lies further cloud complex land issue

"The Christian Democratic Party (CDP) is extremely perturbed by the implications of expectations created by the ANC expressing their intension to abolish the concept of willing buyer, willing seller and replacing it with expropriation," says CDP leader, Rev. Theunis Botha.

The matter is further complicated by the President, as reported by the SABC TV news, putting out lies about crucial elements. He evidentially said that most black owned land is situated in the drier parts of the country. Anyone with the most basic map reading skills will, however, see that the highest rainfall areas perfectly coincide with the former homelands. The group that probably owns most of the arid land are the Koisan in areas such as Richtersveld, Mier and Oppermans, which is excluded from the original 13 per cent.

The CDP believes that the land audit needs to first be completed, before statements on who owns what percentages are made. The reason for slow progress in this matter should be placed where it belongs – corruption and incompetence of the officials.

We have in the past expressed our concerns with the quality of the president's advisors, and again it seems as though these advisors have shamed the country. We fail to see how the new method of land reform will speed up the process, as the constitution guarantees that the courts will be the final arbiter, and we expect them to be flooded with disputed claims.

It is also important to note that South Africa has once again dropped on the index for free economies and is now in the 74th position. This is the second worst position in 19 years, yet government sees fit to undermine the forces that generate economic growth. Corruption and over regulation are the main contributors to South Africa's position on the index."

Zuma se leuens vertroebel komplekse grondkwessie

"Die Christen-Demokratiese Party (CDP) is uiters bekommerd oor die implikasies van die verwagtinge wat deur die ANC geskep is met sy verklaring dat daar weggedoen gaan word met die gewillige koper, vrywillige verkoper en dit vervang met onteiening," sê ds. Theunis Botha, leier van die CDP.

Die saak word verder vertroebel wanneer die president oor sleutelkwessies kluitjies bak, soos blyk uit die nuusdekking van die SABC-TV. Volgens hom sou die meeste land wat in die hande van swartes is in die droër gedeeltes van die land wees. Enigeen met die mees basies kaartvertolkingsvaardigheid sal sien dat die land se hoë reënvalgebiede grootliks met die voormalige tuislande ooreenstem. Die bevolkingsgroep wat waarskynlik die meeste droë grondgebied besit is die asfstammelinge van die Koisan, met groot gebiede in die Richtersveld, by Mier, Oppermans ensovoorts, wat by die oorspronklike 13 persent uitgesluit was.

Die CDP glo dat die grondoudit eers voltooi moet word alvorens uitsprake gemaak word oor wie hoeveel besit, en dat die blaam vir stadige vordering geplaas moet word waar dit hoort – korrupsie en onbevoegdheid van die amptenary.

Ons het reeds in die verlede ons kommer uitgespreek oor die kwaliteit van die president se adviseurs, en dit lyk of sy adviseurs die land weer in die skande gesteek het. Ons kan glad nie begryp hoe die nuwe proses grondhervorming gaan versnel nie, omdat die grondwet steeds die howe die laaste arbiter maak, en die howe in alle waarskynlikheid deur betwiste grondeise oorstroom gaan word.

Suid-Afrika het pas op die indeks van vrye ekonomieë gedaal, en beklee nou die 74ste posie, die tweede laagste die afgelope 10 jaar, en tog sien die regering kans om die kragte wat ekonomiese groei stimuleer nog verder te ondermyn. Korrupsie en te veel regulering knou Suid-A frika se posisie op die indeks.